Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 1 Februarie 2019

1. FORMELE ASSESSERINGS :

Alle vakke se formele assesserings word tans op die webwerf geplaas, sodat u as ouer bewus is van hoe die leerder se punte verwerk word. Dié assesseringsblad word ook voor in die leerder se skrif geplaas. Teken asseblief langs die punte.

2. D6-Communicator:

U as ouer kan ook u kind se akademiese vordering volg op die "D6-Communicator". Besoek gerus die skool se webwerf by www.wonnies.co.za en laai bogenoemde toepassing, soos volg af:

1. Laai die D6 Connect toepassing af.
2. Klik die skakel links bo; klik op koppel en dan leerder.
3. Vul u ID-nommer en u kind se ID-nommer in.
4. Druk stuur.
5. U sal nou 'n OTP (Eenmalige Pin-nommer) ontvang wat u moet intik.
6. Klik dan op ***i***, regs onder.
7. Klik op leerder-inligting.
8. U kan nou toegang tot o.a. u kind se punte, dissipline en skoolgeldrekening kry.

3. AKADEMIESE TOEKENNINGS – GRAAD 12 (2018):

Baie geluk aan die volgende Wonnies wat tydens die Distrik Tshwane North se toekenningsaand as van die Top-5 presteerders in die Distrik aangewys is:

Narissa van der Merwe: 5de in die Distrik, asook die toppresteerder in Eng EAT met 97%.
Madeli de Bruin: 4de in die Distrik.

4. HUISWERK-INSKRYWINGS:

Dit is kommerwekkend dat die skool slegs 18 dae aan die gang is, en reeds is 28% van die dissipline-inskrywings vir huiswerk wat nie gedoen is nie. Huiswerk is 'n belangrike deel van enige leerproses. Indien 'n leerder sukkel met 'n deel van die huiswerk, kan hulle dit gerus in potlood doen, maar die leerder moet probeer om die werk te doen, sodat die onderwyser kan sien hoe die leerder gedink het en waar die probleem is. Ons vra as ouer/voog se hulp in die verband.

5. IDENTITEITSDOKUMENTE:

Leerders in Graad 10-11 (Of leerders wat 16 jaar en ouer is) moet dadelik aansoek doen vir hul ID-dokumente. U kan dit nou by verskillende banke ook doen. ID-dokumente is volgens wetgewing'n voorvereiste vir registrasie by die Departement van Onderwys vir die eindeksamen.

6. GRAAD 9-WISKUNDE:

'n Skrywe is uitgestuur aan alle Graad 9-ouers rakende Wiskunde en verdere vakkeuses. Leerders in Graad 9 moet 50% verwerf in die Junie- en Novembereksamen ten einde Wiskunde as vak in Graad 10 te neem. Wiskunde, met 60%, is ook 'n voorvereiste vir die neem van Fisiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie.

7. UITTEKEN VAN LEERDERS:

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolwet 84 van 1996 is leerders skoolpligtig. Leerders kan egter deur hul wettige ouer/voog vroeër in die skooldag uitgeteken word, waarna u 'n SMS vanaf die skool gaan ontvang wat soos volg lui: *Dissipline nota: (Die leerder se naam) het die volgende inskrywing gekry: vroeg verlaat: (rede) (0) gevolg deur die datum*. U kind ontvang dus **nie** negatiewe punte **nie**, dit is slegs 'n nota wat die stelsel genereer ter wille van rekordering en kommunikasie en daarom word daar 'n "0" getal aan die inskrywing gekoppel.

9. WONNIERAAD:

Baie geluk aan die leerders wat tot die Wonnieraad verkies is. Die volgende leerders is as voorsitters in die verskillende grade aangewys:

Graad 8:	Corné Jordaan	Dané Cory
Graad 9:	Devin da Silva	Marilee Theron
Graad 10:	Henry Jacobs	Lynn-Lee Breytenbach
Graad 11:	Zander Rosslee	Suanné Nolte
Graad 12:	Lizé Vorster	Gideon Swart

Die uitvoerende komitee lyk soos volg:

President:	Xander de Kock	(Leerderverteenwoordiger op die Beheerliggaam)
Vise-President:	Carolyne de Kock	(Leerderverteenwoordiger op die Beheerliggaam)
Sekretaris:	Corné Jordaan	(Leerderverteenwoordiger op die Beheerliggaam)
Vise-Sekretaris:	Zander Rosslee	
Tesourier:	Lynn-Lee Breytenbach	
Skakelbeamptes:	Armand Erasmus	

9. MIDMAR-MYL:

Ons swemmers neem ook vanaf 8-10 Februarie deel aan die Midmar-myl. Baie sterkte.

10. GHOLF-DAG:

Die Hoërskool Wonderboom bied op 1 Maart 2019 'n Gholfdag by Akasia-Gholfbaan aan. Kontak gerus mnr. Janse van Rensburg by 012 335 6806 (Uitbreiding 126) vir verdere navrae.

M LEZAR
SKOOLHOOF